# DIE WEGPEN

**Uitgawe Nr. 17**
**22 Julie 2011**

## Wegtrek

Welkom by die 17de uitgawe!!

Hoop hierdie uitgawe sal van nut wees.

Jukskei SA se Algemene Jaarvergadering het plaasgevind van Donderdag 14 Julie—Saterdag 16 Julie 2011. Meer inligting verder aan.

Lief en Leed— Jan Wiese is weer terug by die werk, maar die been is nog seer, maar niks wat 'n bietjie brandewyn nie kan regmaak nie. Hercules van Wyk was ernstig siek, maar die nuutste nuus is dat die bloeding opgeklaar het en dat daar geen skade was nie. Hy gaan binnekort na 'n neuroloog vir verdere toetse.

Die 2de AJV van die Junior Kommitee vind plaas op Saterdag 6 Augustus 2011 te Worcester.

## 72 ste AJV van Jukskei SA

Jukskei SA se Presidents vergadering en die 72ste AJV het plaasgevind van Donderdag 14 Julie tot Saterdag 16 Julie 2011 te Kroonstad. Theuns le Roux, Annetjie de Klerk en Louwtjie Hugo het namens die bestuur die verrigtinge bygewoon.
Die vergaderings het afgeskop met die B&C kommitee se ledevergadering, gevolg deur die Meesters Kommitee se ledevergadering.
Die hele Vrydag is opgeneem deur opleiding so ook die Saterdag tot middagete.Die AJV het om 14:00 begin. Gedurende hierdie vergadering het almal teenwoordig deel van die geskiedenis geword want die vergadering het eers klaargemaak om en by 01:15 Sondag oggend, 11 uur en 15 minute nadat dit begin het. Van die belangrikste besluite en die nuwe uitvoerende bestuur kan op die volgende blad gevind word.

## Aktiwiteitsprogram:

**6 Augustus 2011**
2de AJV van Junior Kommitee te Worcester om 09:00

**20 Augustus 2011**
Kerneels van Deventer Dag te Worcester

**27 Augustus 2011**
2de Kaapland Klubkampioenskappe te Riversdal

**17 September 2011**
Skole Liga/Keuring Worcester

**24September 2011**
Charl Marais Dag Worcester 2011

**1 Oktober 2011**
Pruimpie Botha-Trips Kroonstad

**3-7 Oktober 2011**
Meesters Tooernooi Kroonstad

**8 Oktober 2011**
Openingstoernooi Wellington

Boland Jukskei 60 1951 - 2011

# Van die Bestuur

**Inligtingsessie**

Daar sal 'n inligtingsessie gehou word net na afloop van die Junior Vereniging se AJV, 6 Augustus te Worcester bane. Sover is die besluite geneem op JSA se AJV en die Meesters Toernooi op die sakelys. Alle klubs moet asseblief teenwoordig wees en alle spelers en belangstelendes is welkom.

**72ste AJV van Jukskei SA**

<u>Direksie</u>

Tydens die AJV is die volgende persone verkies tot die Direksie van Jukskei SA:

| | | |
|---|---|---|
| President: | Thinus Barnard | SASCOC, SRSA en IJF |
| 1ste Visie-President: | Melanie Jacobs | Afrigters |
| 2de Visie-President: | Buks van den Bergh | Korporatiewe Kommunikasie |

Die volgende direkeure is deur hulle aangewys (Portefuljes in laaste kolom):

| | | |
|---|---|---|
| Direkteur Admin | Daleen Roos | Administrasie en Finansies |
| Direkteure | Dirk Brits | Ontwikkeling, Skeidsregters en Toerusting |
| | Bossie Liebenberg | Deelname en Fasiliteite |
| | Nico Nel | Akademie |
| | Karien Marais | Juniors |

Hulle sal later hulle direksie aanwys, na alle aansoeke oorweeg is.

<u>Opsomming van belangrikste besluite geneem</u>

- Direksie mag nie meer as 8 lede hê nie. (voorheen maksimum van 10)
- Indien die pos van Direkteur Finansies by JSA vakant raak moet dit verkieslik binne 21 dae gevul word.
- Die Senior Nasionale span is die hoogste vlak van deelname en spelers van enige ouderdom wat oor die korrekte afstand (16m vir mans en 14m vir vroue) gooi kan in die span gekies word.
- Seuns wat op 1 Januarie 16 en 17 jaar oud is moet nou 15m gooi. (voorheen 14m) 15 m lyne moet so gou as moontlik aangebring word op bane.
- Alle spanne mag nou afrigters hê wat die span van raad bedien, van o'13 tot veterane. 'n Afrigter mag egter by een span betrokke wees en is ook saam met kaptein verantwoordelik om die oortrap reël te reguleer.
- Streekwedstryde op SA's word vervang met Provinsiale wedstryde. Provinsies is ingedeel in 6 groepe. Wes-Kaap en Oos-Kaap speel saam en is dus dieselfde as die ou Suidstreek. Die streke is dus nou amptelik dood.
- Alle spelers wat nie gekies word vir die Provinsiale wedstryde nie, ou streek wedstryde, gaan aan hulle eie kompitiese deelneem. Deelname sal in provinsies geskeid, kan deurmekaar gekies word (mans, vroue en veterane) en provinsies kan soveel spanne kies en inskryf soos hulle wil. Geen baanfooie sal betaal word nie en slegs die wenners sal medaljes kry.
- SA Senior Dubbelkampioenskappe sal ook nou 'n **Veterane Gemengde Pare** afdeling hê.

Daar was baie dinge bespreek en besluit en somtyds het dinge maar warm geraak en soos reeds genoem was ons maar moeg hier teen 1 uur in die nag. Sommige van ons punte het het nie deurgegaan nie, maar ons het ook besef dat daar meer Unies daar buite is wat soos ons dink. Almal moet asseblief die inligtingsessie bywoon sodat ons die besluite meer volledig aan u kan oordra en dat u kan vrae vra.

Die 50c-munt en R50-noot raak aan die gesels.

50c: "Yes Maaitjie, wat het van jou geword? Ek het jou lanklaas
gesien!".

"Nee wat," antwoord R50, "ek was maar so hier en so daar. Was bietjie casino toe; het 'n trippie Mosambiek toe onderneem; was by 'n paar rugby-wedstryde; was laasweek by die skou in Windhoek ; môre sal ek waarskynlik Mall toe gaan en dalk Teazers toe. Jy weet, daai soort goed. Maar hoe's dinge met jou? Wat maak jy alles?"

50c: "Aag Boeta, jy weet mos. Altyd dieselfde - dis net kerk, kerk, kerk!"

xxxXXXxxx

Dit was onthaal-aand by die ouetehuis, en Klaas die hipnotiseur is genooi om die ou mensies te vermaak.

Hy verduidelik: "Ek gaan julle almal in 'n beswyming laat verval en julle gaan dan presies maak soos ek sê.

Die opgewondenheid loop hoog en Klaas haal sy pragtige antieke sakhorlosie uit sy sak en begin dit heen-en-weer swaai op die verhoog.

"Hierdie horlosie is al 200 jaar in ons familie. Ek wil hê julle moet stip na die horlosie kyk. Sien hoe dit heen-en-weer beweeg. Links en regs, heen-en-weer, voel hoe julle julself oorgee aan die beweging, heen-en-weer, heen-en-weer"

Die oumense raak vasgevang in die heen-en-weer beweging van die horlosie. Honderde oë volg die heen-en-weer beweging en verval in 'n beswyming totdat die horlosie per ongeluk uit Klaas se vingers glip en op die vloer stukkend val.

"K*k!" skree Klaas

Dit het drie weke gevat om die ouetehuis weer heeltemal skoon te kry.

Fluit fluit my storie is uit...

.

As julle enige iets in die nuusbrief wil plaas, stuur dit asseblief vir my na Louw.Hugo@Gmail.com of faks dit na 086 626 5767 en ek plaas dit in die volgende Wegpan. Groete.

Louwtjie